

KOMMUNIKAMMA



TEKS van die WEEK:

Joh. 17: 4&5. *"Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U my gegee het om te doen. Verheerlik U my nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."*

SAKE VIR GEBED

- * Ons bid vir die volgende gemeentede wat siek is en deur moeilike tye gaan: Lynette Botha, Irma Loots, Willie Esterhuizen en Anita se swaer.
- * Laura Krause se dogter wat behandeling ondergaan.
- * Luther Landman se pa is baie swak.
- * Nickey de Swardt is in die hospitaal.
- * Theuns de Jager is ernstig siek.
- * Mike en Sonja Tait se dogter Elna, wat in die hospitaal in Johannesburg is.
- * Dr Leon Steenkamp se broer is dood na 'n slangbyt.
- * Bid vir almal wat tuis behandel word en almal wat eensaam is, die wat in nood verkeer, wat werk soek en moedeloos is. Bid dat God sal intree en vir hulle sal vertroue en versterk en vir hulle genade sal betoon.
 - * Ons vra dat almal sal bid vir die Noordelike gedeeltes van ons stad en oral waar bendegeweld en haat en moord aan die orde van die dag is. Ons vra dat die Here daar sal intree en die mense se harte sal aanraak.
- * Almal wat eksamen skryf.

*** Dit is die derde week van Ramadan en 1.8 Biljoen Moslems lewe sonder 'n verhouding met Jesus Christus as Verlosser. Bid dat die Here in hierdie tyd van hulle vas en gebed, Homself aan hulle sal openbaar. Die Ramadan duur van 5 Mei tot 4 Junie. Kom ons staan vas in gebed in hierdie tydperk van hulle vas.**

AFSKEID VAN DAAN

Op Sondag 2 Junie 2019, na afloop van Nagmaal, groet ons oom Daan Venter, ons vorige koster. Almal is welkom om saam te kom kuier in die saal. Ons versoek dat elkeen eetgoed saambring wat genoeg is vir die aantal mense wat saam met jou kom om die afskeid by te woon. Eetgoed kan voor die nagmaalsdiens in die saal neergesit word.

SONDAG 26 MEI 2019

08:30 Eietydse diens

09 :45 Kategese

10:00 Klassieke diens

Die deurdankoffer is vir Kleinskool Inisiatief

Teebeurt vandag: Madeliefie en Protea selle

Na die nagmaal van 2 Junie, drink almal saam tee in die saal.

Ons soek asb hulp met teeskink en opwas na die tyd.

SONDAG 26 MEI

Songs of celebration vanaf 15:00 by die NG Kerk Mowbraystraat, Newtonpark.

MAANDAG 27 MEI

12:45 Gebedskild in die gebedskamer.

DINSDAG 28 MEI

Leef@kerk.

WOENSDAG 29 MEI

Deon Els verjaar. Baie geluk met jou verjaardag. Ons gebed is dat die Here jou en jou huis wonderlik sal seën.

DONDERDAG 30 MEI

Hemelvaart. Die kerkkantoor is gesluit.

18:30 Hemelvaartdiens.

VRYDAG 31 MEI

MANNEBYEENKOMS

05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 2 JUNIE

09:00 Nagmaal in die kerkgebou

18:30 Pinksterdiens in die saal. Die tema van die week is: Leef beGEEsterd.

Tema: 'n Vrygewige Gees.

KERMIS

Ondersteun asb Heideveld se kermis op **Vrydag 31 Mei** om **16.30** op die hoek van Dundeeweg en Strirlingstraat, Rowallanpark.

Op **Saterdag 1 Junie** hou PE Noord hul kermis vanaf **09:00**.

PINKSTER Maandag 3 tot Woensdag 5 Junie 2019

Pinksterdienste in die kerkgebou om 09:00 en word herhaal om 18:30.

Maandag 3 Junie: 'n Blymoedige Gees.

Dinsdag 4 Junie: 'n Tevere Gees.

Woensdag 5 Junie: 'n Gees sonder bekommernis

Die deurdankoffer by elke byeenkoms gaan vir die Bybelgenootskap.

Daar sal sop en broodjies wees na die byeenkomste.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die 1ste fase van verbetering aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbetering aan die moederskamer en klank in. Bouwerk begin 10 Junie 2019. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

MTR Smit Kinderoord het die volgende dringende behoeftes:

Afdroogdoeke, besems, mop, haardroër, broodrooster, seunsklere 7 – 12 jaar.
Items kan by kerkkantoor afgegee word.

Imagine Kidz is weer hier! Al die maats van gr R tot gr 7 is welkom om gedurende 24-28 Junie 2019 te kom deel in die pret. Op hierdie stadium is ons dringend opsoek na Groepleiers (Gr 8 tot Gr 12) en ook Stasieleiers (volwassenes). Indien jy deel wil wees van hierdie opwindende week, kontak Petru Vlok by 083 522 9880.

WEBBEDIENING

Ons is opsoek na persone wat wil help met die Webbediening - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:

Help met plaas van terugvoer van diensterreine/ kleingroepe, Geestelike 'padkos', taalversorging, fotogalery, Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriefe Samestelling van kuberamma Beplanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester.

Let wel: Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag.

ePos kuberamma@ngkraggakamma.co.za vir meer besonderhede.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Ons hou hierdie jaar in plaas van die Vrouekamp, 'n **Kamp vir Egpape**. Dit vind plaas die naweek van 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Deel van die naweek is om te gaan stap. (Jy hoef nie fiks te wees nie, maar jy moet kan stap)

Gesels met mekaar daarvoor en gee jul name vir Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings vir die kamp, gee ook jou naam en noem dat jy graag vir help.

Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir mense om te bly, daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

STEYTLERVILLE NOODFONDS

'n Fondsinsameling ten bate van die Steytlerville noodfonds is tans aan die gang. Kaartjies, wat R100.00 'n kaartjie kos, is by die kerkkantoor beskikbaar. Die eerste prys is 'n jagpakket (1 koedoe en 2 springbokke) by 'n gesogte jagplaas. Veertig pryse van koedoes of springbokke kan gewen word. R25-00 van elke kaartjie wat ons verkoop, word vir ons kermis geskenk. Die sluitingsdatum is 31 Mei 2019.

UITREIK NA CALA

Ons wil graag uitreik na Cala. Ons is opsoek na Wiskunde, Biologie en Rekenkunde onderwysers vir 'n winterskool, asook na iemand wat kan help met die poppekas en die opleiding van Kleuterskool onderwysers. Die datum van hierdie uitreik is van Maandag 17 Junie tot Vrydag 21 Junie.

Belangstellendes kan Giel Meyer by 082 873 9844 skakel.

Bid vir die dominee Derik en sy vrou Margie wat in uitdagende omstandighede 'n reuse taak verrig.

Bid vir leiding oor hoe ons hulle verder kan ondersteun. Indien jy kan help met die maak van of selfs net voorbeelde het van duursame speelgoed vir voorskoolse kinders, kan jy ook Giel kontak.

WINTERHOOP

Daar word weer klere bymekaar gemaak vir MES se **Winterhoop projek** wat strek van **1-30 Junie 2019**.

Die volgende items word benodig:

Warm klere, sokkies en skoene

Mussies, handskoene en serpe

Komberse

Nie-bederfbare voedsel

Toiletware

Items kan by die kerkkantoor ingehandig word.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..